# Finansiële bestuur 300 (FBS 300)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Programme** | BCom Rekeningkundige Wetenskappe |
| **Voorvereistes** | FBS 200 en slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige wetenskappe)-studente |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Finansiële Bestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige wetenskappe)-studente
Die doel en funksie van bestuursrekeningkunde. Grondliggende kostebegrippe. Die bepaling van produkkoste met inbegrip van grondstofkoste, arbeidskoste, bokoste en die toedeling daarvan volgens die tradisionele sowel as aktiwiteitsgebaseerde kostetegnieke, voorraadbestuur, die akkumulering van koste volgens 'n taak- en proseskostestelsel, die hantering van gesamentlike en neweprodukte en die bepaling van kostes volgens 'n direkte sowel as 'n absorpsiekostebenadering. Besluitneming met verwysing na kostevolume-wins-verhouding, relevante koste, risiko en waarskynlikhede, beslissingsbome, liniêre programmering en kapitaal-investeringsbegrotings, projekbestuurbeginsels. Beplanning en beheer deur middel van kwantitatiewe tegnieke, begrotings en standaardkosteberekening. Prestasiemeting dmv verantwoordelikheids-rekeningkunde en die vasstelling van oordragspryse.
Finansiële bestuur met inagneming van die doel van finansiële bestuur, bedryfskapitaalbestuur, finansieringsbesluite, koste van kapitaal, dividendbeleid, kapitaalstruktuurbesluite, aandelewaardasies. Die student moet in staat wees om die onderliggende teorieë op gevorderde gevallestudies toe te pas.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.